

# *Ons Erdiens*

*NG Gemeente Wonderpark*



**Gesinserediens saamgestel deur:  
Ds. Martiens Swart – 14 Maart 2021**

## **“Bekragtig” Mekaar**

(Daar wees vir mekaar / bystand)

**Teksgedeeltes:** Hebreërs 3:13 & 2 Korintiërs 1:3-5, 7:5-7

### **1. Inleiding**

Om mekaar te “bekragtig” is die grootste Behoefte vandag.

Dit is Lewensnoodsaaklik - Hebr 3:13 wys dit is “elke dag” noodsaaiklik.

Almal het dit daagliks nodig.

God wil deur ons ander aanraak en bekragtig.

Daar is soveel redes waarom / waardeur ons mekaar kan bekragtig.

### **2. Wat is hierdie “Bekragtig”?**

Die woord in die Griekse grondteks kom neer op:

Daar wees vir iemand, naby wees om die soort bystand te bied wat verder help tot by ‘n uitkoms.

Maar dit is eintlik God wat dan deur ons die verskil maak in die ander.

2 Kor 1:3 Die God van “bekragtiging” - volgens 2 Kor 7:6 in elke omstandigheid.

(Dis onindrukwekkend, maar met verrykend gevolge!)

### **3. Nou Jy en ek Prakties**

Onthou, daar staan “mekaar” (Hebr 3:13)



Dit begin by God wat ons elkeen wil aanraak en bekragtig. (2 Kor 1:3)

Dan kan ons 'n Titus gaan wees vir iemand anders. (2 Kor 7:6)

Bereik → Begryp → Bemoedig / Bekragtig → Betrek

Daagliks... "elke dag mekaar"

## OFFERGawe

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan gebruik om u dankoffer te gee.



NG Wonderpark.

Absa Tjekrekening 1460165489

Takkode:632005

Verwysing: Dankoffer

